# RPO Markverslag


## Week 34 van 2025





| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | **R38.58** | 3.1% | 4.9% | 21.6% |
| A2 (R/kg) | **R72.32** | 0.7% | 0.8% | 32.0% |
| B2 (R/kg) | **R59.10** | -0.8% | 1.7% | 28.0% |
| C2 (R/kg) | **R57.59** | -4.1% | -1.0% | 38.3% |

## Speenkalwers

Die prys het in Week 34 skerp gestyg met 3.1% teenoor die vorige week en is tans 21.6% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die skerp styging in die prys kan toegeskryf word aan 'n volgehoue laer aanbod op speenkalwers tans in die mark. Die verwagting bly steeds dat die prys 'n moontlike stygende tendens kan volhou in September en 'n piek in Oktober bereik. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in Oktober rondom R39/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R33/kg en nie hoër as R45/kg behoort te wees nie.




## A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 34 redelik sywaarts beweeg en met 0.7% gestyg teenoor die vorige week. Die prys is tans 32% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Dit lyk of die mark nou weer ewewig vind nadat die aanbod van karkasse verhoog het toe Karan Beef weer begin slag het. Die verwagting is dat die September prys laer as die Augustus prys gaan wees, terwyl Oktober weer `n oplewing in prys behoort te toon. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Oktober rondom 72/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R62/kg en nie hoër as R83/kg behoort te wees nie.

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*


***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

# RPO Markverslag

## Week 34 van 2025




| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Stoorlam (R/kg) | R50.74 | 0.5% | 4.3% | 28.0% |
| A2 (R/kg) | R109.07 | 1.5% | 3.6% | 21.6% |
| B2 (R/kg) | R87.63 | 6.8% | 12.8% | 31.3% |
| C2 (R/kg) | R82.85 | -0.2% | 7.7% | 28.8% |





## Stoorlammers

Die stoorlamprys het in Week 34 sywaarts beweeg en met slegs 0.5% gestyg teenoor die vorige week. Die prys is ongeveer 28% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan 'n laer aanbod op lammers gedurende die winter. Die prys neig tans meer na die boonste grens van die voorspelling toe weens die hoër pryse in Augustus, maar die verwagting is steeds dat die prys stelselmatig kan daal tot in Desember soos die aanbod op lammers styg. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in Oktober rondom R45/kg te wees en nie laer as R39/kg en nie hoër as R53/kg nie.

## A2 Lamkarkasse

Die lamkarkasprys het in Week 34 met 1.5% gestyg teenoor die vorige week en is ongeveer 21.6% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan 'n hoër vraag na lamvleis met die lente wat aanbreek. Die verwagting is dat die prys vanaf September 'n draaipunt kan bereik en stelselmatig kan daal tot in Oktober soos wat die aanbod van karkasse verhoog. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Oktober ongeveer R103/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R91/kg en nie hoër as R117/kg behoort te wees nie.




RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

RPO